2026
PREDIKANTE
**SAAM**KOMS

**EPOS:** saam@ngkerk.org.za

19 Februarie 2026

Geagte Kerkraad

Met hierdie skrywe wil die **Algemene Sinode** u graag inlig oor die PredikanteSAAMkoms wat vanjaar van 24 tot 28 Augustus 2026 by die ATKV Goudini-oord naby Worcester in die Wes-Kaap plaasvind.

**Die doel van hierdie brief is tweeledig**

- om kerkrade in te lig oor die aard en fokus van die SAAMkoms; en
- om kerkrade aan te moedig om hul leraar(s) die geleentheid te gun om hierdie byeenkoms by te woon, en waar moontlik ondersteuning te bied met verblyfkostes.

**Aard en doel van die PredikanteSAAMkoms**

Die PredikanteSAAMkoms is ’n doelbewus-ontwerpte byeenkoms vir predikante, deur predikante. Dit is uitdruklik nie ’n sinodale vergadering, konferensie of kursus nie. Die fokus val eerder op die menswees, welstand, roeping en volhoubare bediening van predikante en diensleraars. Ons is oortuig dat die welwese van leraars en diensleraars die welwese van die gemeente en gemeenskappe waar julle kerk is, dien.

**Die byeenkoms spruit uit ’n breër gesprek in die kerk oor**

- predikante se persoonlike en geestelike welstand;
- volhoubare lewens- en bedieningsritmes;
- die viering, verdieping en herbevestiging van roeping; en
- die behoefte om met vreugde, oortuiging en innerlike veerkragtigheid te bly dien.

Die program bied ruimte vir gebed, aanbidding, gesprek, kreatiewe deelname en rus. Deelnemers stel grootliks hul eie dagprogram saam en kan kies uit ’n wye verskeidenheid sessies en aktiwiteite – van teksgesprekke en boekbesprekings tot stilte, staproetes en informele kollegiale gesprekke. ’n Deurlopende fokus verbind die program aan Jesus-momente uit die Evangelie volgens Lukas.

**Hoekom hierdie byeenkoms belangrik is**

Die laaste byeenkoms van hierdie aard het in 2005 plaasgevind. Getuienisse uit daardie tyd bevestig die langdurige en positiewe impak daarvan op predikante se menswees en bediening. Hierdie SAAMkoms is nie ’n gereelde instelling nie en kan vir baie ’n eenmalige geleentheid wees. Daar is plek vir ongeveer 750 deelnemers en die doel is om leraars van landwyd in staat te stel om dit by te woon.

**Kostes en befondsing**
Die Algemene Sinode dra alle program-, fasiliteits-, etes- en reiskostes, wat ongeveer 80% van die totale koste per deelnemer subsideer. Predikante betaal slegs vir hul keuse van verblyf, wat die enigste komponent is wat hul registrasiefooi bepaal.
Die verblyfopsies (en gepaardgaande kostes) sluit onder andere in:

- Kampgeriewe (tent of karavaan) – teen R1200 pp vir die volle tydperk;
- Gedeelde kamers – teen R2000 pp vir die volle tyd;
- Enkelkamers – teen R2800 pp vir die volle tyd; en
- Selfstandige eenhede (huisies of rondawels – beperkte beskikbaarheid) – teen R3500 pp vir die volle tyd.

Hierdie gestruktureerde keuses maak dit moontlik dat predikante binne hul eie finansiële konteks kan registreer, met die uitdruklike doel dat niemand om finansiële redes uitgesluit hoef te word nie.

**Versoek aan kerkrade**
Ons versoek kerkrade vriendelik om:

- hul leraar(s) aan te moedig om hierdie byeenkoms by te woon; en
- waar dit finansieël moontlik is, ondersteuning te oorweeg met die verblyfkostes, as 'n belegging in die welstand en volhoubaarheid van die bediening.

Kerkrade kan in ag neem dat die geleentheid as 'n VBO (voortgesette bedieningsopleiding) dien met 35 punte wat vir bywoning verwerf word. VBO is 'n verpligte jaarlikse praktyk en kan met hierdie byeenkoms die leraar se program 'n hupstoot gee.
Ons is oortuig dat hierdie SAAMkoms nie net tot voordeel van individuele predikante sal wees nie, maar ook tot versterking van gemeentes en kerkrade sal bydra.
Registrasie open 23 Februarie en sluit 10 April 2026. Betaling van verblyf geskied met registrasie (binne vyf dae) en sal per faktuur gereël word.
Verdere praktiese inligting oor registrasie en logistiek sal direk aan predikante gekommunikeer word. Enige navrae kan ook gerig word aan Louinette Weijer by saam@ngkerk.org.za.
Met waardering vir u oorweging en voortgesette ondersteuning van u leraar(s).

Vriendelike groete,

REëLINGSKOMITEE
(o.l.v. Maartjé van der Westhuizen: Assessor)